



GENERALE MISSIVE

Nuusbrief van die Stigting VOC 4/17
Newsletter of the VOC Foundation

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
Internet: <http://www.voc-kaap.org> **E-pos/E-mail:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: rodccb@icloud.com . **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen Vrunden!



† **Marie-Lou Roux**, ere-lid van ons Stigting en wenner van ons Silwer Medalje in 2016, is op 29 September oorlede. Sy was die hoofuitvoerende beampte van die Kaapse Habitatraad en 'n kragtige stem ten opsigte van omgewingsake. Vir amper tien jaar was sy een van die voorvegters vir die bewaring van die graanskuur in Strandstraat en die Highclere-gebou in Bloubergstrand. Oor die twee geboue is daar nog hofsake hangende. Die Stigting het onderneem om Marie-Lou Roux se nalatenskap voort te sit en te ondersteun. Voorsitter Leon het haar begrafnisdiens op Somerset-Wes bygewoon.

Eerbewys aan Wium en Dorothea.


Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek het op Saterdag 28 Oktober 2017 tydens 'n dinee by Huis der Nederlanden in Pinelands, erelidmaatskap van die vereniging toegeken aan ons lede professore Wium en Dorothea van Zyl, vir hul lewenslange bydra tot die Suid-Afrikaanse Neerlandistiek. Van harte geluk, geagte professore, namens al ons lede.



Wium van Zyl



Dorothea van Zyl





Liber amicorum pro Wium.

Foto's: R. Rode.

Tafelberg in die Kaapse geskiedenis

Wêrelderfenis, 7de Natuurwonder, Nasionale Gedenkwaardigheid, Nasionale Park of sommer net Tafelberg, 1085 meters hoog. As jy uit die oop see of uit 'n vliegtuig na hom kyk, dan kom die gedagte 'my plek' maklik in jou gedagte, maar die hoek waarteen die berg staan, ten opsigte van ons twee seisoenwinde, die suidwester en die noordwester, was lotsbepalend. Dit het sowel die standhoudende Liesbeekrivier as die groen, byna-windstil Liesbeekvallei veroorsaak, want die berg se oostelike punt kry dubbeld die hoeveelheid reën wat op sy westelike punt val. Jan van Riebeeck moes eenvoudig daardie vallei onder sy beheer kry; die besetting van die Liesbeekvallei het uiteindelik die skeepsdiens (waarvoor hy hier was) moontlik gemaak, en gelyktydig die eerste oorlog teen die Koina veroorsaak. [Geskiedenis = Geografie + Mense. Gaan sê dit vir Zille en De Lille.]



Foto's: P. Westra

Me Joan Kruger het 'n besonder interessante en lekker leesbare boek *On top of Table Mountain* oor ons berg geskryf. Daar lees ons van die konings, ontdekkers en staatsmanne wat hom uitgeklim het, die swerwers, drosters en skurke wat 'n heenkome in sy grotte gesoek het, die bergklimmers wat die kranse met ysterpenne en toue klim, en die mees verbasende rekordbrekers. As ek nou die aantal kere moes noem wat 'n sekere persoon Tafelberg op een enkele dag uitgeklim het, sal u my seker nie glo nie. Die boek bevat pragtige foto's van plekke waar die gewone toeris nooit kom nie, en ook kaarte van staproetes. Kyk na die lys besoekers aan die Kaap wat oor die berg geskryf het; die helfte kom uit die VOC-tyd. Dit is 'n boek vir altyd, een wat in elke Kapenaar se huis behoort te wees, en dus die ideale kersgeskenk. U kan meer inligting kry by <africanapublishers@mwebbiz.co.za>

Om 10:30 vm op Saterdag 25 November 2017 sal Joan Kruger ons vertel van haar boek en die unieke berg waaroor dit gaan. Dit is ons Stigting VOC se afsluitfunksie vir die jaar. Teken asseblief die geleentheid aan; daar kom nie weer 'n kennisgewing nie.

Tyd: 10:30

Datum: Saterdag, 25 November 2017.

Plek: Huis der Nederlanden.

Almal welkom. Volop gratis parkering. Altyd lekker koffie en tee (eie rekening).

Toer na Olifantsriviervallei

Op 15 September het ons Stigting na die Olifantsriviervallei toe gereis, en dit was, soos verwag, 'n absolute plesier. Lid Wium van Zyl se ervaring en talent om 'n toer tot die fynste besonderhede te beplan, het dit weer moontlik gemaak.

Ons eerste besoekpunt was die Koringmuseum op Moorreesburg, waar 'n groot versameling pre-industrieële plaasgereedskap uit die graanbedryf te sien is. Hulle het ons ook genooi na hul jaarlikse **Oesdag** op **Saterdag 2 Desember 2017**, wanneer daar soos in die ou dae met 'n mulwa gerwe gery, koring getrap, meel gemaal en vars boerebrode in 'n buiteoond gebak word. Versprei asseblief die woord. Almal is welkom.

Toe is ons oor die Bergrivier en met die Piekenierskloofpas oor die Olifantsrivierberg. Regs van die pas was die bergpiek Meerhofskaasteel, en ons het stilgehou om oor die merkwaardige pionier-reisiger Pieter van Meerhof te praat. Daarna is ons voort na die bergkloof waar die VOC-buitepos 't *Warme Bad aan de Olifantsrivier* van 1763 af geleë was. Die argeoloog, ons lid Professor Wilhelm Verwoerd, het daar aan ons verduidelik hoe sulke termiese bronne ontstaan. By Die Bad het Alex en sy ma Margaret Ann McGregor, afstammeling van die swerwer-stigter van die eerste dorpie in die vallei, by ons aangesluit. Alex was daarna ons gids.



Olifantsriviervallei



Gastehuis by Die Bad

Ons het middagete by Die Bad geniet, waar Alan Hall ons van die verskillende geboue by Die Bad vertel het. As u miskien by dié mooi plek wil gaan kuier, of miskien in 'n tent of woonwa gaan kampeer om te kyk of die warm water goed is vir jigs, rumatiek en water-op-die knie is die telefoonnommer 022-921-8033.

Na middagete het ons die nabygeleë Ou Dorp verken. Dit is ongeveer 1850 op die plaas Modderfontein aan die voet van die nuwe pas aangelê; die ou geboue is onlangs pragtig gerestoureer. Ons het gaan kyk na die huisie van Jurgen Hanekom (1725), stamvader van daardie familie en gewese poshouer van die buitepos *De Klapmuts*, en in die plaaswinkel, wat nou 'n restaurant is, ons gewone heildronk 'Huis van Oranje!' gedrink, met Olof Bergh-brandewyn, ter nagedagtenis van sersant Olof Bergh, 'n ander pionier-reisiger in daardie vallei. Die restaurant se telefoonnommer is 082-802-4580.



Ou dorp



Hanekom se huis, 1725

Alex het ons die VOC- seinkanon op sy staanplek by die Laerskool Citrusdal gaan wys, die mees noordelike in die reeks, en ons het verneem hoe die Kaapse militêre oproepstelsel gewerk het. Toe het ons na die oudste lemoenboom in die land gaan kyk, op die plaas Hexrivier; Die boom is meer as driehonderd jaar oud, steeds in volle drag en sy voorvaderlike pit is waarskynlik afkomstig van St Helena-eiland, waar dit in die 1500's deur die Portugese geplant is. Van Riebeeck het daarvan Kaap toe laat bring. In 1979 is die boom tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar.



Heildronk



Seinkanon



Oudste lemoenboom

Daarna het Margaret Ann ons na 'n rooibosteeplaas en -fabriek geneem, waar ons gesien het deur watter prosesse die blare moet gaan, voor ons dit in die winkel koop. Ons het verskillende gegeurde teë geproe, ook saam met wyn en jenever, en daarvan gekoop om huis toe te bring. Daardie besoek was 'n geskenk van Margaret Ann; sy is self 'n sitrus- en rooibosteeboer, en by ons vertrek het sy elkeen van ons geselskap met 'n karton uitvoerlemoene vereer. Ons het aan Alex, 'n entoesiastiese geskiedenis-student aan Stellenbosch, 'n eksemplaar van ons nuwe VOC-boek geskenk.



Bossietee



Rooteefabriek



Teeproe

Die komitee oorweeg vir 2018 'n tweedaagse toer in die rigting van Clanwilliam en Graafwater, om die Heerenlogement te besoek. Dit is ons mees noordelike teken van VOC-

aktiwiteit in die kusgebied, en ook 'n nasionale gedenkwaardigheid. Daar word gesê dat Simon van der Stel se uitgrawings by die Koperberg (1685) sigbaar is, maar ek is nie oortuig dat dit die oorspronklike werke is nie. Toerisme skryf graag sy eie geskiedenisboek. Ons sal waarskynlik weer die kleiner bus (18-sitplek) gebruik, om dit meer bekostigbaar te maak. [Foto's: Rudolf Rode.]

Gouden eeuw of wel Grauwe eeuw?

Onlangs is daar in Hoorn standbeelde beklad deur 'n aksiegroep genaamd *De Grauwe Eeuw*, 'n organisasie wat hiermee hulle afkeer vir die groot bloeiperiode in die Nederlandse geskiedenis bekend as 'De Gouden Eeuw' kenbaar wou maak. Die groep het duidelik geen begrip van die groot vooruitgang wat toe gemaak is nie; Nederland was wêreldleiers op bykans alle gebiede. In 1560 was daar reeds 1800 Hollandse seeskepe, meer as in enige ander land. Die welvaart is met eie krag en inisiatief opgebou. Veral die Hollandse skilderkuns word vandag nog veel geroem. Dis egter minder bekend dat die Hollanders ook op talle terreine van die toegepaste wetenskappe uitgeblink het. Hans de Witte het die mynbou in Boheme help ontwikkel, Jan Adraansz. Leeghwater het moerasse in Suid-Frankryk drooggelê, Cornelis Vermuyden het waterwerke in England aangelê, Simon Stevin het die hawe van Danzig uitgediep en Nicolaes de Kemp het stadsmure in Oos-Pruië versterk. Die Russiese Tsar Peter die Grote het by die Hollanders kom leer hoe om skepe te bou. En so kan 'n mens aangaan. Met hulle hoogs-ontwikkelde kennis en kundigheid op baie gebiede het Nederlanders 'n enorme invloed op die Europese kultuur uitgeoefen. Dit was voorwaar geen 'Grauwe,' maar wel 'n glansryke 'Gouden Eeuw.' [Piet Westra. Bron: *Elsevier*, 5.11.16]

Replikas van RNG-kenteken.

Dit gebeur dikwels dat die gewese Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede se kenteken van historiese geboue gesteel word om vir skroot verkoop te word. Die kentekens van brons is in die goeie ou dae deur die firma McCallum & Stevens van Maitland gegiet, maar is nou onverkrygbaar. As u hoor van iemand wat graag 'n gesteelde kenteken wil vervang, laat ons asseblief weet? Ons ere-lid Martiens van Bart het twee getroue replikas van die gedenkteken, gemaak van keramiek, aan ons geskenk om te verkoop.

VOC Kamer Antwerpen

Kamer Antwerpen onderneem gereeld uistappies na die kultuurryke stede en dorpie van die Belgiese platteland, waar dit byna moontlik is om na die Middeleeue terug te keer. Hier is een of twee interessante uittreksels uit hulle jongste nuusbrief.

Daguitstap: Benedictijnerklooster van Chevetogne:

Op zondag 29 april 2018 wonen wij een gezongen ritus in de Byzantijnse kerk bij. Het koor van de monniken van Chevetogne heeft internationaal grote faam verworven door zijn authentieke en professionele uitvoering van Byzantijnse (Slavische en Griekse) liturgische gezangen.

Maritiem Museum Antwerpen:

Er komt een nieuw Maritiem Museum in Antwerpen. Het Antwerpse schepencollege heeft zonet de krijtlijnen uitgetekend waarbinnen de projectteams mee aan de slag kunnen gaan. De Vlaamse bouwmeester selecteerde voor dit nieuw museum vijf projectteams; zij mogen een ontwerp indienen voor een gebouw op de Droogdoksite op de plaats van de huidige kantoren en werkplaatsen van het Havenbedrijf Antwerpen. Het nieuwe museum wordt een

ontmoetings- en ontdekkingsplek voor bewoners en bezoekers waar maritiem erfgoed een centrale plek inneemt.

Herentals en haar Begijnhof:

U hebt beslist opgemerkt dat ons Genootschap ook haar aandacht richt op omliggende stadjes. Uit deze dorpen en kleine steden vertrokken immers op het einde van de 16e en begin 17e eeuw de vele naamlozen naar het onbekende Noorden, het nieuwe geloof volgend en de dwingelandij van Alva en Granvelle achterlatend. Op zaterdag 9 december neemt Maria Macauter ons op sleeptouw door Herentals. [begijnhof: nonneklooster met tuin. D.S.]

Krotoa – die film

Ek het uit briewe aan koerante en uit elektroniese bronne gesien dat die manier waarop Jan van Riebeeck in die film *Krotoa* uitgebeeld is, mense ontstig het. Martiens van Bart het gevra dat ek sy gedagtes oor die saak aan ons lede beskikbaar stel. Klik daarvoor asseblief op hierdie skakel: <http://www.afrikanergeskiedenis.co.za/rolprent-belaster-jan-van-riebeeck-en-afrikaners/>

Nuwe VOC boeke



VOC schepen op de reede van Texel.

Van ons vriend Charles Arps van die VOC Genootschap De Haagsche Besoygne kom inligting oor 'n nuwe boek oor die merkwaardige eiland Texel, wat so 'n belangrike rol in die VOC se skeepvaart gespeel het. Die skrywers is Rolf Roos en Nico van der Wel, hul werk is getitel: 'Duinen en Mensen. Texel', *Archeologie, Natuur en Historie*. (Uitgeverij NatuurMedia; ISBN 9789080815803; Prys € 19,50 posgeld uitgesluit.) Dit bevat veel oor die eiland se ontwikkeling, ook interessante kaarte en ander illustrasies. 'Werkelijk alles over dit fraaie eiland,' skryf Charles. Die kort geskiedenis en illustrasies hierby kom uit die boek.



Texel is deur die sogenaamde ‘Allerheiligenvloed’ van 31 Oktober 1170 van die vasteland afgesny. In 1415 gee graaf Willem VI van Holland stadsregte aan die eiland. Dit sorg vir groter selfstandigheid en gevolglik meer inkomste en moontlikhede vir die eilandbewoners. Ten noorde van die toenmalige eiland Texel was die eilandjie Eyerland, wat hoofsaaklik uit duine bestaan het. In 1630 is die twee deur middel van ’n sanddyk met mekaar verbind. Tussen die twee dele was daar veral kweldergebied; van 1835 af is onder leiding van Nicolaas Joseph De Cock begin om dit in te polder. Die eerste dorp, wat in 1836 in die nuwe polder gestig is, is na hom genoem, De Cocksdorp. Texel beleef in die 17e en 18e eeu, toe die VOC se handelsskepe op die Texelse reede vir hul komende reise bevoorraad is, ’n ekonomiese hoogtepunt. [*kwelder*: buitedyks geleë land wat nie met vloedgety oorspoel word nie. Van Dale]

Zeegang - Zeevarend Nederland in de achttiende eeuw




Wat bewoog iemand in de tijd van de zeilvaart te gaan varen en zeeman te worden? Het Nederland van de achttiende eeuw kende vele takken van zeevaart waarin hij terecht kon. Bij de koopvaardij, marine, zeevisserij, walvisvaart en ook bij de Oost-Indiëvaart. Vele tienduizenden jongens en mannen, niet alleen uit Nederland maar ook uit het buitenland, bemanden elk jaar opnieuw de schepen, van oorlogsschip tot visserspink. Enkelen hebben herinneringen aan hun leven op de schepen, in de havens en thuis later opgeschreven. Heel beeldend met oog voor details.

Er zijn nog veel meer bronnen waaruit een maritiem historicus bij een studie naar de achttiende-eeuwse zeeman kan putten en diens gang naar zee kan volgen. Bewaard in archieven, musea en bibliotheken.

*In Zeegang wordt beschreven hoe jonge jongens en mannen bij de zeevaart terechtkwamen en een schip vonden, meermalen onder moeizame omstandigheden. De arbeidsvoorwaarden en de werkzaamheden komen aan de orde, evenals het dagelijks leven aan boord, de voeding en de medische en geestelijke aspecten. Soms waren er passagiers of werden slaven vervoerd, de visserij en de jacht op walvissen waren altijd onzeker. De vijf vaarten worden daarna afzonderlijk geschetst en tot slot ook het thuisfront. **Auteur:** Jaap R. Bruijn, **Prijs:** € 29.50 **Uitgever** – Walburg Pers, **Pagina's** – 320, **ISBN** – 9789462490987, **Verschenen:** 20-04-2016, **Productvorm:** Harde kaft.
[Uit: *Historiek*, 24 Oktober 2017.]*

*In ons volgende *Generale Missive* (1/18) vertel ons meer oor die laaste boek in Karel Schoeman se groot reeks VOC-geskiedenis, wat ook sy heel laaste publikasie is. Die boek, getiteld *Skepeling*, het pas by die uitgewery Human en Rousseau, Kaapstad, verskyn. Op aanstaande jaar se Stellenbosche Woordfees kry *Skepeling* ’n spesiale bespreking deur ’n paneel van vier lede.

Die Stranding van die VOC-skip *Schoonenberg*, 1772.



Niks, niks klou so hardnekkig soos die Kaapse mite of versinsel nie. Uit die VOC- tyd is daar o.a. die mites van die Vlieënde Hollander, die seinkanonne, die Ou Kaapse Weg, die Van Riebeeck-heining en die *Schoonenberg*-skatte. Is dit as gevolg van gebrekkige opvoeding dat ons so liggelowig is, of het ons te veel amateur historici?

Die retoerskip *Schoonenberg* het in 1722 by Kaap Agulhas vasgeloop. Kosbare skatte is deur die reddingsgeselskap van die wrak af gesteel en op die plaas Vergelegen begrawe. Daarna het hulle mekaar om die lewe gebring. Nou nog, op maanverligte nagte, hoor jy die swaarde kletter... So gaan die storie.

Dr Jan Malan het die oorsprong(e) van die *Schoonenberg*-mite nagevors en eindelijk die hele storie (en totale waarheid) uit oorsproklike bronne in die Kaapse Argief saamgestel. Sy boek *Die stranding van die VOC-skip Schoonenburg. Struisbaai, 1722*, wat pas verskyn het, vertel van Skipper van Soest en die bemanning, die seereis tot die nag van die stranding, die optrede van die Kaapse reddingspanne, die rol van goewerneur Mauritz Pasques de Chavonnes en die Politieke Raad, en korrespondensie insake die ramp met Here XVII en die Raad van Indië. Dit is 'n waardevolle bydrae tot VOC-studies in Suid-Afrika. [Uitgegee deur Africana Uitgewers. Prys, vir Stigting VOC-lede: R220.]

Aandag, Nederlandse burgers

Die Gemeente Den Haag het buitelandse verenigings met Nederlandse burgers as lede versoek om in hul nuusbrief bekend te maak dat dit van 1 April 2017 eenvoudiger geword het om vanuit die buiteland te stem, by Nederlandse referendums, Tweede Kamerverkiesings en verkiesings vir die Europese Parlement. *'Je hoeft je nog maar één keer te registreren, vervolgens krijg je bij iedere verkiezing vanzelf een mailtje met je stembiljet en een envelop met alle benodigde papieren. Meer weten of meteen registreren?'*

www.stemmenvanuithetbuitenland.nl

Komitee-vergadering

Die Uitvoerende Komitee vergader weer op Vrydag, 19 Januarie 2018. En onthou asseblief, geagte lede, dat ons AJV jaarliks so na aan 20 Maart as moontlik gehou word.

Behouwde vaert / Slammat jalan

D. Sleigh (Dr): Redakteur

Jean Sleigh: Tegnies

31 Oktober 2017.